## 17 Desember - WERK

**Skrifgedeelte: Lukas 12:13-21 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Lukas 12:15, 20, 21**

God is nie alleen die Maker van die hele skepping nie (Gen 1:1), maar ook die enigste Eienaar (Ps 24:1, 2) en Onderhouer van alles wat Hy wou maak. Hy het reeds voor die sondeval aan die mens die opdrag gegee om die tuin te bewoon, te bewerk en te bewaak. Eers ná die sondeval het werk vir die mens moeite geword. Om dus te werk, hoort tot die adel van elke gelowige. Om te werk, is nie een van die (slegte) gevolge van die sondeval nie.

Die Prediker (1:2) ondersoek die vraag: "Wat kry die mens vir al sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?" Hy kyk na verskeie benaderings wat mense ten opsigte van werk het, en kom tot die slotsom: Ook die geswoeg kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind. Dit laat die vraag na vore kom hoe die mens se ingesteldheid jeens sy/haar werk moet wees?

Deur sy algemene opdrag in Matteus 6:33-34 gee die Here 'n duidelike aanduiding hoe sy kinders se ingesteldheid ten opsigte van werk moet wees: *"Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie ..."*

Dra sorg dat jy op só 'n wyse werk dat die eerste dinge eerste gestel word: Éérs gelowige onderwerping aan die koningskap van God, en dán die vertroue dat Hý sal voorsien!

Uit hierdie benadering is Lukas 12:15 se vermaning duidelik: *"Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."* Om op 'n gierige wyse skatte op aarde bymekaar te maak, is om nie ryk voor God te wees nie (vs 21).

Ons moet rustig werk dat daar 'n balans tussen aardse rykdom en die lieflike "ryk in God" kan wees. Rykdom in God sluit in dat die mens "vergenoeg" (1 Tim 6:6, 8; Matt 6:11, '53-vertaling; HK v/antw. 125) sal wees, nie te min of te veel sal hê nie en eerbaar sal werk om te kan eet (2 Tess 3:10).

*Sing: Psalm 24:1, 2 (1936-beryming)* *Dr RM van der Merwe (Wolmaransstad)*